# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATE** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | VISUELE KUNS (TEORIE) |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 100 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 17 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## ALGEMENE INSTRUKSIES VIR NASIENERS

1. Hierdie nasienriglyne dien as beide riglyne vir nasieners sowel as ’n onderrighulpmiddel. Die nasienriglyne vir sekere vrae word in meer diepte bespreek, aangesien die inligting as leermateriaal gebruik kan word. Ander dele van die nasienriglyne kan slegs as ’n voorgestelde riglyn dien.

2. Hierdie nasienriglyn bestaan uit AGT vrae. Kandidate moet enige VYF vrae vir ’n totaal van 100 punte beantwoord.

3. Vrae en subvrae moet duidelik en korrek genommer word volgens die numeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Waar van toepassing moet kandidate na die afgebeelde visuele bronne verwys.

6. Geen punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word nie. Kruisverwysing na kunswerke is toelaatbaar.

7. Die naam van die kunstenaar en titel van elke kunswerk moet genoem word in die antwoorde.

8. Antwoorde moet in volsinne geskryf word. Volpunte kan nie toegeken word as daar in puntvorm geskryf word nie. Volpunte kan nie toegeken word as die kunswerk verkeerd is nie, ens.

9. Nasieners moet na die aangehegte beskrywende rubriek verwys om prestasievlakke te assesseer.

10. Kandidate moet vir laterale denke gekrediteer word. Argumente/stellings moet geregverdig word met verwysing na spesifieke faktore.

11. Nasieners word aangemoedig om kandidate te beloon vir dit wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.

© SACAI KOPIEREG

| **WOORDELYS**<br>**Gebruik die volgende woordelys om seker te maak jy verstaan hoe om ’n spesifieke vraag te benader** | |
|---|---|
| **Analiseer:** | ’n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele kunselemente soos lyn, kleur, toonwaarde, formaat en komposisie van ’n kunswerk. |
| **Beskryf:** | Skryf visuele inligting neer in woorde. |
| **Interpreteer:** | Analiseer en evalueer (gee ’n ingeligte mening oor) ’n kunswerk. Kontekstualiseer dit histories, kultureel, sosiaal, polities, ensovoorts en motiveer jou bevindinge deur na soortgelyke spesifieke voorbeelde te verwys. |
| **Vergelyk:** | Toon die verskille en ooreenkomste op ’n geordende wyse binne dieselfde argument aan. |
| **Kontekstualiseer:** | Plasing binne ’n sosiale, kulturele, politieke en historiese raamwerk van ’n kunswerk, met betrekking tot die situasie, tyd en plek waarna die kunswerk verwys. |
| **Bespreek:** | Stel jou standpunt en gee redes vir jou stellings. |
| **Formele kunselemente:** | Die basiese elemente wat gebruik word om ’n kunswerk te skep, soos lyn, vorm, toonwaarde, tekstuur, kleur, ruimte, komposisie, ensovoorts. |
| **Motiveer:** | Om met bewyse te ondersteun. |
| **Noem:** | Gee presiese feite en sê direk wat jy dink – gee jou mening, asook ’n verduideliking. |
| **Visuele bronne:** | Die visuele afbeeldings wat in hierdie vraestel gegee word of waarna in ander bronne verwys word. |
| **Kontemporêr:** | Die huidige tydperk. Kontemporêr verwys na kuns wat gedurende ons leeftyd geskep en voortgesit word. Begin rondom die 1970's tot vandag toe. |
| **Lewer kommentaar:** | Om jou mening of houding oor iets uit te druk. |
| **Reflekteer:** | Dink diep of versigtig na oor ’n vraag en lewer dan jou opinie of mening, na aanleiding van jou refleksie. |

## ASSESSERING VAN LEERDERS SE VERMOË OM VOORBEELDE VAN VISUELE KULTUUR TE ONTLEED EN DAAROP TE REAGEER

| Prestasiekode | Onderwerp 3: Visuele Kultuurstudies |
|---|---|
| **7**<br>**Uitstekend**<br>**80–100 %** | Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings. |
| **6**<br>**Verdienstelik**<br>**70–79 %** | Demonstreer goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Wys uitstekende insig en begrip. |
| **5**<br>**Substansieel**<br>**60–69%** | Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon substansiële vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon goeie vlak van insig en begrip. |
| **4**<br>**Gemiddeld**<br>**50–59%** | Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon voldoende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon redelike vlak van insig en begrip. |
| **3**<br>**Bevredigend**<br>**40–49%** | Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon bevredigende vermoë met die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon ’n bevredigende vlak van insig en begrip. |
| **2**<br>**Elementêr**<br>**30–39%** | Demonstreer slegs basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon beperkte vermoë met die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon ’n elementêre vlak van insig en begrip. |
| **1**<br>**Nie behaal nie**<br>**0–29%** | Demonstreer min of geen vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon min of geen insig en begrip. |

# VRAAG 1

## DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

1.1

- Styl en tegniek

Die styl wat in Figuur 1a gebruik word, is meestal realisties, soos gesien in die mense se gesigte en liggame. ’n Gladde skildertegniek word gebruik soos gesien in die velkleure en die klere van die mense. Kwasmerke is soms sigbaar. Die mense se lywe lyk uitgerek, asof die koppe en nekke verleng is, dit herinner ons aan die Manneristiese styl.

Die styl in Figuur 1b is naturalisties, op sommige van die gesigte word baie min detail gevind, ander is meer realisties uitgebeeld. Kwashale is sigbaar op die mans se arms en klere, veral die mans in die voorgrond. In die agtergrond van die kunswerk is minder detail sigbaar, soos gesien in die silhoeët van die boom en die detail op die gesigte van die mense. Tekstuur word ook geskep deur die skilderstyl gesien op die tafels, met growwe houtlyne, die hare van die mans, sommige donsig en ander glad, en die ligte in die agtergrond.

- Komposisie

Die komposisie in Figuur 1a is redelik vol. Daar is figure deur die vertrek versprei. Die fokus is op die paartjie wat aan die linkerkant dans, of dit kan ook in die middel van die prent wees, die oupa wat een van sy kleindogters in die rondte draai. Hierdie komposisie herinner ons aan ’n Impressionistiese komposisie waar die beeld verby die rante van die prentjie kan strek.

Die komposisie in Figuur 1b is selfs besiger en baie vol. Die fokus is op die vier mense wat by die tafel aan die linkerkant sit en drankies drink. Dit is moeilik om vas te stel waar die fokuspunt in hierdie kunswerk is, aangesien al die mense ewe groot is en soortgelyk oor die prentvlak versprei is. Die man/kelner geklee in wit vang ook die kyker se oog as gevolg van die donkerder kleure rondom hom.

- Die stemming/atmosfeer wat in beide kunswerke geskep word

’n Vreugdevolle, speelse en jolige atmosfeer word in Figuur 1a geskep. Mense dans en eet. Dit is baie feestelik met die kos wat op die tafels uitgepak is. Gesinne kuier lekker saam.

Die atmosfeer in Figuur 1b is gesellig, maar die mense lyk nie baie gelukkig nie en dit lyk nie of hulle die biertuin so baie geniet nie. Ons kan aan hul gesigsuitdrukkings sien dat hulle ernstig is. Daar is twee paartjies in die agtergrond wat dans en nog ’n paartjie wat soen, dit lyk of hulle lekker kuier.

- Beide kunswerke maak gebruik van geel en blou/groen. Wat is die uitwerking van hierdie keuses in elk van die kunswerke?

In Figuur 1a word ’n gelukkige toneel uitgebeeld met blou en geel. Die geel word ook op die velle/gesigte van die mense weerspieël, wat bydra tot die vreugde van die toneel. Die blou en groen dra by tot die lewendigheid van die toneel, maar kan ook in kontras wees met die verskillende skakerings van geel in die prentjie.

Die geel in Figuur 1b staan uit aangesien daar baie ligte in die prent is. Die geel is in kontras met die blou agtergrond. Blou word ook op sommige van die mense se klere gesien.

Indien slegs een kunswerk bespreek word, word 'n maksimum van 5 punte toegeken. (8)

1.2 Kandidate moet die kunswerke bespreek van TWEE verskillende Suid-Afrikaanse kunstenaars wat hulle bestudeer het, wat ons vertel van mense, plekke en die omstandighede in die samelewing.

Hulle moet EEN kunswerk van elke kunstenaar bespreek

Verwys na die volgende:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke ✓✓
- Media en tegnieke✓✓
- Stylkenmerke✓✓
- Sosiale/kulturele invloede✓✓
- Moontlike boodskap/betekenisse wat oorgedra word✓✓✓✓

Indien slegs een kunswerk bespreek word, word 'n maksimum van 7 punte toegeken

(12)

**[20]**

# VRAAG 2

## SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS

2.1

- Die stemming/atmosfeer wat in die kunswerke geskep word

Die stemming wat in Figuur 2a geskep word, is kalm en ingetoë, soos gesien op die gesigte van die drie vroue. In Figuur 2b is die toneel klaustrofobies met al die figure, en die herhaling van die bene aan die onderkant skep beweging en lewendigheid. Die stemming wat geskep word, is besig en opwindend, want dit lyk asof die mense dans. Die stemming in Figuur 2c is ernstiger en intenser, dit lyk of die figure hardloop of jag, en hul gesigsuitdrukkings dra by tot die vasberade atmosfeer van die toneel.

- Die komposisie soos die fokuspunt en kontras

In Figuur 2a word die invloed van Afrika-maskers in die gesigte van die vroue gesien. Dit word gesien in die vorm van die oë, die vereenvoudigde gelaatstrekke soos die neus, die vorms van die koppe, en die gebrek aan detail.

Die fokuspunt van Figuur 2a is die vrou in die middel van die kunswerk. Haar lyf en gesig is ligter as die ander twee figure aan weerskante van haar. Die lig val op die fasette op haar gesig, wat die kyker lok om eers na haar gesig te kyk. Die fokuspunt in Figuur 2b is op die figuur met die masker, aan die linkerkant van die doek. Die kleur (geel en oranje) laat die masker uitstaan. In Figuur 2c is die fokus op die man wat in die middel van die kunswerk hardloop, aan die linkerkant van die doek. Hy is groter as die ander figure met meer detail. Sy wit broek trek ook aandag.

In Figuur 2a is daar kontras tussen die koue blou aan die linkerkant en die warmer pienk en oker kleure in die figure en agtergrond aan die regterkant. In Figuur 2b is die voorgrond baie donker met swart en donkerblou teen die helder en ligter agtergrond. Daar is reguit lyne en geboë lyne in die figure, warm en koue kleure wissel mekaar af. In Figuur 2c is die wit broek in sterk kontras met die swart lywe van die figure, die blou en geel kleure is ook in kontras met mekaar.

- Stylkenmerke

Die gebruik van geometriese en vereenvoudigde vorms van die vroue se liggame (Figuur 2a) herinner ons aan die Afrika-beeldhouwerke wat Picasso gesien het. Die drie toringhoë vroue in die skildery word uitgebeeld wanneer hulle uit ’n rotsagtige landskap kom asof hulle reusagtige beeldhouwerke in reliëf is. Hulle het sterk gebeitelde profiele en oordrewe standbeeldagtige kontoere. Hierdie vroue word deel van die natuurlike omgewing, aangesien dit lyk asof hulle in die aarde van hierdie komposisie inskakel. Die figure en diere in Figuur 2b het ook maskergesigte, daar is kleiner maskers in die agtergrond en die figure het ook spiese in hul hande. Daar is talle bene aan die onderkant van die kunswerk,

daar is meer bene as wat daar mense is. Die bene is uitgerek/verleng, soortgelyk aan rotskuns.

Figuur 2c herinner aan rotskuns, dit word gesien in die langwerpige jagters wat mekaar oorvleuel. Dit lyk asof hulle midde-in ’n jagtog is, met uitgestrekte bene en arms, nog ’n kenmerk van rotskuns. Die mans is maer maar gespierd. Die beperkte gebruik van kleur herinner ook aan rotskuns. (8)

2.2 Kandidate moet TWEE kunswerke van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars bespreek wat deur Afrika beïnvloed is.

Hul antwoord moet die volgende insluit:

- Name van kunstenaars en titels van kunswerke✓✓
- Gebruik van medium en tegniek✓✓
- Invloed en/of gebruik van Afrika-simbole en beelde✓✓
- Komposisie en styl van werke✓✓
- Boodskap en betekenis van die kunswerke ✓✓✓✓

Indien slegs een kunswerk bespreek word, word 'n maksimum van 7 punte toegeken

(12)

**[20]**

# VRAAG 3

## SOSIO-POLITIEKE KUNS – INSLUITENDE WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970'S EN 1980'S

3.1 Weerstandskuns is 'n vorm van kuns wat in die middel-1970's in Suid-Afrika ontstaan het ná die Soweto-opstand wat gefokus het op die weerstand teen Apartheid en die viering van Afrika se krag en eenheid. Proteskuns is die kreatiewe werke wat deur aktiviste en sosiale bewegings geskep word. Dit is 'n tradisionele kommunikasiemiddel wat deur kollektiewe groepe en die staat gebruik word om burgers in te lig en te oorreed. (2)

3.2

- Die gebruik van verskillende beelde/simbole en die betekenis daarvan

Die kunswerk in Figuur 3a het baie verskillende beelde om op te fokus. Die polisiemanne aan die linkerkant, geklee in blou, het dierlike kenmerke, wat hul brutale/bose aard simboliseer. Die groot gesig in die agtergrond van die kunswerk kyk na die gebeure, op sy voorkop is 'n doringkroon met bloeddruppels, soortgelyk aan Jesus se kroon. Koeëldoppies herinner aan die geweld tydens Apartheid. Onskuldige mense word deur die polisie geskiet. Aan die linkerkant van die kunswerk is 'n tafel, stoel en lig wat op die tafel skyn, dit kan 'n ondervragingskamer wees, waar slagoffers ondervra is en mense slagoffers van Apartheid geword het. In die middel van die kunswerk is daar kiste met kruise op, wat aandui dat daar mense oorlede is. Aan die onderkant van die kunswerk is daar vier blokke, twee met gesigte en die ander twee kabels, batterye en insekte. Dit verwys na bomme wat gemaak is.

- Bespreek die relevansie van die titel van Figuur 3b.

Duduza, soos aangedui, beteken om te troos, dit was om vertroosting te gee tydens die gedwonge verwydering van die inwoners van die destydse Charterston-township. Die mense word nie getroos nie, aangesien hulle kwaad en gefrustreerd is. Hulle is nie verlig en bly oor die verwydering nie.

- Hoe dra die gebruik van kleur by tot die stemming/emosies wat in elke kunswerk geskep word?

In Figuur 3a is blou en oranje die dominante kleure. Die blou gee die kunswerk lewe. Dit gee die kunswerk 'n speelse stemming, wat dit minder ernstig maak, anders as die werklike gebeure. Dit kan gedoen word om die brutaliteit waarop die kunswerke gebaseer is, te sensor.

Die gebruik van kleur in Figuur 3b bestaan uit skakerings van geel en bruin. Geel en oranje voeg warmte by die kunswerk, maar die kleure is gedemp, asof hulle die regte mense en hul omstandighede probeer wegsteek.

- Bespreek die balans en emosionele impak van Figuur 3a en 3b.

Figuur 3a is gebalanseer tussen die groter boonste prent en die vier kleiner blokkies aan die onderkant van die kunswerk. Met die eerste oogopslag word die kyker se oog na die gesig (oog) aan die bokant getrek, maar beweeg dan na al die kleiner dele gevul met detail. Wanneer daar op hierdie spesifieke afdelings gefokus word, word negatiewe emosies ontlok, soos vrees, woede of walging. In Figuur 3b is die meeste van die elemente in die onderste helfte van die kunswerk, wat ’n leë lug skep. Die uitdrukkings op die gesigte van die mans onwikkel die grootste impak op die kyker, hulle wag op ’n aanval, hulle lyk angstig, bekommerd en vreesbevange. (8)

3.3 Kandidate moet TWEE spesifieke kunswerke deur Suid-Afrikaanse kunstenaars interpreteer en vergelyk wat sosio-politieke kwessies in hul werk uitbeeld. EEN kunswerk van elke kunstenaar moet bespreek word.

Verwys na die volgende:

- Name van die twee TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke ✓✓
- Gebruik van formele kunselemente ✓✓
- Beelde en gebruik van media/tegnieke ✓✓
- Stemming/atmosfeer wat geskep word ✓✓
- Verduidelik waarom die kunswerke as sosio-politieke kunswerke gesien kan word. ✓✓✓✓

Indien geen vergelyking getref word nie, moet 1 punt afgetrek word.
Indien slegs een kunswerk bespreek word, word 'n maksimum van 6 punte toegeken. (10)

**[20]**

# VRAAG 4

## KUNS, KUNSVLYT EN SPIRITUELE WERKE HOOFSAAKLIK VAN LANDELIKE SUID-AFRIKA

4.1 Kandidate moet net na TWEE van die DRIE kunswerke verwys:

- Die gebruik en betekenis van die stralekranse (*halos*) in elke kunswerk

’n Stralekrans is ’n ligsirkel wat rondom of bokant die kop van ’n heilige gewys word om heiligheid voor te stel. ’n Groot stralekrans word agter die koppe van die vroue in Figuur 4a gesien wat wys dat die twee dames gelowig en getrou is. Deur die stralekrans geel te maak, soortgelyk aan tradisionele stralekranse, kan ons nie die dames se heiligheid ontken nie. Die stralekranse in Figuur 4b is elk agter die koppe van die mans, maar het kleurvolle patrone wat ons aan materiaal herinner. Die patrone kan na die mans se kultuur verwys, hulle is ook in spesifieke drag geklee, en hul gesigte is ook geverf. Die stralekrans in Figuur 4c is slegs ’n halfsirkel, dit is gevul met letters in drie lae. Die kroon op die vrou se kop skep ook ’n stralekrans wat wys sy is heilig.

- Die gebruik en betekenis van kleur

In Figuur 4a staan die donker gesigte van die vroue teen die geel stralekranse uit. Die kleure is helder en lewendig. Groot areas is bedek met een kleur, pienk in die agtergrond, blou vir die rokke en blou-swart vir die velkleur. Die pienk verwys na hul vroulikheid, blou na kalmte en die geel stralekrans na geluk. Blou was vroeër ’n tradisionele kleur wat bruide gedra het om suiwerheid te simboliseer.

Die rooi in Figuur 4b verwys na opoffering of liefde en wit na reinheid en onskuld. Die man aan die linkerkant se hand is rooi, en die man aan die regterkant se gesig is rooi, dit kan beteken dat hulle verwant is aan mekaar en dus dieselfde “vel”'-kleur deel. Hulle deel ook die wit hand met die wit gesig. Hulle wit drag kan na maagdelikheid en kuisheid verwys.

Die geel-oker in Figuur 4c is ’n kleur van hoop, ’n positiewe kleur en dit trek aandag. Die vrou se donker rok skep kontras teen die geel-oker agter haar op die muur, sowel as die stralekrans. Blou is ook ’n tradisionele kleur wat deur bruide gedra word om suiwerheid te simboliseer.

- Die moontlike betekenis van spesifieke beelde/onderwerp soos die voël in Figuur 4a, die kopstuk in Figuur 4b en die boek in Figuur 4c

Die duif in Figuur 4a is ’n simbool van vrede en vryheid. Duiwe verskyn in Judaïsme, Christendom en Islam en is simbolies. Die kopdoek in Figuur 4b verwys na hul spesifieke godsdiens, daar is baie verskillende godsdienste wat van kopstukke gebruik maak. Volgens die titel van die kunswerk vorm die mans deel van die Boeddhistiese godsdiens. Die boek wat die vrou in Figuur 4c lees, kan die Bybel of ’n gebedeboek wees. Sy is geklee in pragtige klere, haar kleed het dekoratiewe goue stiksels met juwele. Die lig weerkaats vanaf die juwele, wat ’n aanskoulike atmosfeer skep. Die lelies op haar kroon verwys na reinheid, onskuld en wedergeboorte. (10)

4.2 Kandidate moet TWEE kunswerke bespreek van EEN ander Suid-Afrikaanse Kunsvlyt- of geestelike kunstenaar/vakman wie se werk hulle bestudeer het.

Jou antwoord moet die volgende insluit:

- Naam van EEN kunstenaar en titels van TWEE kunswerke ✓✓
- Invloede op die kunstenaar✓✓
- Onderwerp en simboliese uitbeelding✓✓
- Stylkenmerke✓✓
- Betekenis wat deur die kunswerke oorgedra word ✓✓

Indien slegs een kunswerk bespreek word, word 'n maksimum van 6 punte toegeken

(10)

**[20]**

# VRAAG 5

## MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN GEWILDE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

5.1

- Watter gevoelens of emosies dra hierdie kunswerke met die eerste oogopslag oor? Motiveer jou antwoord

Die figure, Harold en Maude, in Figuur 5a weerspieël die bui en lewe van hierdie individue. Die kunstenaars vang hul veerkragtigheid en kwesbaarheid vas en wys ware empatie vir die swaarkry wat hulle deel. Die verwronge/ gesig in Figuur 5b skep ’n gevoel van onrustigheid en ongemak. Dit kan jou dalk angstig laat voel wanneer jy na die kunswerk kyk, aangesien die gesig nog sigbaar is, maar dit is opgesny. Die lasergesnyde laaghout in Figuur 5b lyk soos stokkies en sommige van hulle wat aan die kante sigbaar is, lyk asof dit omval. Dit skep ’n senuweeagtige gevoel, wat ook sigbaar is in die gesig wat in hierdie kunswerk uitgebeeld word.

- Watter kwaliteit/betekenis verskaf die gebruik van hout en koerantpapier aan die kunswerke?

Die koerant wat gebruik word in Figuur 5a gee ’n gevoel van rouheid, onvolmaaktheid en kortstondigheid wat ons daaraan herinner dat ons net vir ’n kort rukkie hier op aarde is. Soortgelyk aan die gesig in Figuur 5b wat met laser gesny is, word die vlietende eienskap uitgebeeld in die stokke wat lyk of dit binnekort gaan omval. Laaghout sal ook vergaan, wat aandui dat die lewe kortstondig is.

- Verduidelik die moontlike simboliese boodskappe van die kunswerke en lewer kommentaar op die gebruik van kleur.

Die postuur, gebare, gesigsuitdrukkings en kleredrag van die mense in Figuur 5a gee lewe aan die figure. Hulle laat jou dalk dink aan iemand wat jy ken of op straat gesien het. Die gesig in Figuur 5b verteenwoordig die eindelose generatiewe (re)produksies wat tegnologie bring, maar fokus ook op die self en hoe ons onsself in hierdie tegnologiese era verteenwoordig. Die kleure wat in beide kunswerke gebruik word, is gedemp met die gebruik van bruin, geel en perskekleur. (8)

5.2 Kandidate moet ’n volledige beskrywing en ontleding verskaf, insluitend materiaal, tegniek en die boodskap/betekenis van TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars wat van nie-tradisionele media en/of tegnieke gebruik maak. Hulle moet verduidelik hoe die kunstenaars die idee van kuns verbreed het. Hulle moet verwys na EEN kunswerk deur elke kunstenaar.

Indien slegs een kunswerk bespreek word, word 'n maksimum van 7 punte toegeken

(12)

**[20]**

# VRAAG 6

## POST-1994- DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA

6.1 Kandidate moet net na TWEE van die DRIE kunswerke verwys:

- Hoe dra die kunstenaars ’n gevoel van identiteit oor? Verduidelik jou antwoord.

Identiteit word in hierdie kunswerke oorgedra deur die kenmerke te ondersoek wat ons persoonlike en sosiale identiteit bepaal. Hulle konstrueer ’n gevoel van wie ons as individue, ’n samelewing of as ’n nasie is. Die kunstenaars bevraagteken stereotipes en konvensies terwyl hulle eienskappe soos geslag, seksualiteit, ras ens ondersoek. Ons sien dit in Figuur 6a waar identiteit bevraagteken word, met die patrone wat die gesig van die individu bedek, asof hy/sy ’n masker dra.

In Figuur 6b word identiteit gesien deur die gebruik van ’n gesig met gelaatstrekke, maar nou is die gelaatstrekke deur ’n simkaart vervang. Dit staan uit, en dit is “in-jou-gesig” – aangesien die gesig die fokuspunt van die kunswerk is, sal die kyker outomaties na die simkaart getrek word, en daarom begin dink waaroor hierdie kunswerk gaan.

In Figuur 6c is identiteit oop vir interpretasie deur die kyker, want wanneer ons na die gesig in die kunswerk kyk, word ons gekonfronteer met verskeie “mense” (verskillende identiteite).

- Hoe beïnvloed die komposisies die boodskap?

In Figuur 6a, 6b en 6c is die gesigte die fokuspunte, dit is nabyaansigte wat die komposisie vul, en dus die kyker dwing om na die gesigte te kyk. Daar is niks in Figuur 6b en 6c in die agtergronde om die kyker se aandag van die gesigte af te trek nie.

- Betekenis van spesifieke elemente wat in die kunswerke gebruik word, soos die blomme in Figuur 6a, rok en oorbelle in Figuur 6b, die draad in Figuur 6b en 6c.

Die blomme wat in Figuur 6a gebruik word, verteenwoordig dalk die positiewe houding wat die kunstenaar tydens inperking in Suid-Afrika gehad het. Dit kan ’n voorstelling wees van haar individuele identiteit, haar liefde vir die natuur en miskien dat sy droom van ontsnapping, met haar oë toe.

Die rok, oorbelle en halssnoer wat die vrou in Figuur 6b dra, vertel ons van haar individuele identiteit en voorkeurstyl in mode. Sy hou van natuurlike elemente en skulpe van die see. Die rok verteenwoordig luiperdafdrukke.

Deur draad in Figuur 6b en 6c te gebruik, karteer/merk die kunstenaar haar verkenning/reis van identiteit. Deur ander stukke by die oorspronklike portrette (Figuur 6b en 6c) te voeg, wys sy hoe die individu se identiteit gevorm word deur ander elemente in die lewe, soos in Figuur 6b, vervang die simkaart haar gelaatstrekke omdat sy voel sy is net taakgedrewe. Sy stoor inligting en word ’n nommer in die samelewing. Haar individuele identiteit raak verlore. In Figuur 6c word die vrou ook aanmekaar gestik deur die fragmente van ander vroue se gesigte, oë en lippe. Die drade dien as ’n wyse om die bewuste en onbewuste self te integreer. Die liggame/gesigte word ’n proses van metamorfose.

Eksterne skoonheid en estetika is irrelevant, in plaas daarvan is die kunstenaar bemoeid met die nastrewing van die waarheid van die menslike toestand. (10)

6.2 Kandidate moet die kunswerke van TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars bespreek wat hulle bestudeer het wat ook identiteit bevraagteken en daaroor reflekteer. Hulle moet in hul antwoord na EEN spesifieke kunswerk verwys.

- Naam van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke✓✓
- Onderwerp✓✓
- Gebruik van materiale en tegnieke✓✓
- Boodskap/betekenis van die kunswerke✓✓✓✓

Indien slegs een kunswerk bespreek word, word 'n maksimum van 6 punte toegeken

(10)

**[20]**

# VRAAG 7

## GESLAGSKWESSIES

7.1

- Plasing van figure en die manier waarop dit in beide kunswerke uitgebeeld word.

In Figuur 7a sit die figuur met haar bene en arms, wat verleng is, op ’n stoel. Sy word as ’n vrou uitgebeeld – dit is sigbaar in die skoene wat sy dra en haar sigbare borste, hoewel geen kop in hierdie beeld sigbaar is nie. Die figuur lyk sag, kussingagtig, en daar is baie vlees sigbaar.

Die biomorfiese figure/vroue in Figuur 7b lyk of hulle grasieus dans, spring en sweef in die lug in ’n semi-abstrakte landskap, ook met verlengde arms en bene, soos Figuur 7a. Hierdie dames het wel koppe, maar hul gelaatstrekke is nie gedetailleerd nie. Waar die vrou in Figuur 7a baie maer is, is die vroue in Figuur 7b mollig en sterk gebou.

- Die kunselemente/ontwerpbeginsels wat hoofsaaklik gebruik word om ’n visuele impak te skep

In Figuur 7a is die kunselemente wat die meeste uitstaan; kleur, in hierdie geval primêre kleure, die rooi, geel en blou wat uitspring. In Figuur 7b is die kleure gedemp en dof, maar dit het ook ’n invloed. In beide kunswerke is die proporsies verkeerd, soos gesien in die uitgerekte liggaamsdele van die vroulike figuur. Beweging word ook in beide kunswerke gesien, alhoewel die vrou in Figuur 7a sit, skep die verweefde arms en bene wel ’n bewegingsvloei. Soortgelyk aan Figuur 7b lyk dit of die arms en bene van die vroue in die lug sweef, wat spiraalbewegings skep.

- Die moontlike geslagstereotipes wat in Figuur 7a uitgebeeld word

In Figuur 7a dra die vrou hoëhakskoene en *skinny tights*/jeans. Sy kan die stereotipiese uitbeelding van vroue verteenwoordig wat volgens die nuutste modes moet aantrek, en ook so maer moontlik moet wees.

- Hoe lyftaal emosie uitdruk

Liggaamstaal kan baie verskillende vorme aanneem, soos gesigsemosies, postuur, gebare en selfs oogkontak. Byvoorbeeld, ’n persoon se postuur en gebruik van hul hande wanneer hy praat kan baie openbaar oor hul eerlikheidsvlak of gebrek daaraan, sowel as hoe selfversekerd hulle is. Die individu in Figuur 7a lyk ontspanne en sê vir ons dat dit reg is dat ons na haar blootgestelde borste kyk. Alhoewel haar arms oor die lyf gekruis voorkom, is haar bene ook oop en toon aanvaarding. Die lyftaal van die figure in Figuur 7b is so ontspanne en vloeiend dat hulle oop is vir die toeskouer se blik.

- Die belangrikheid van die materiale wat in Figuur 7a gebruik word.

Stywe broeke (*tights*) is klere wat deur vroue gedra word. Die opgestopte *tights* laat die figuur sag lyk, wat haar vroulikheid wys. Deur die *tights* te vul, word die lyf getransformeer,

en die liggaamsvorm word verwring, soos gesien in hierdie kunswerk. Die enigste vorms wat geskep kan word, is hierdie kronkelende vorms omdat die *tights* sag en buigbaar is.

Indien geen vergelyking getref word nie, moet 1 punt afgetrek word. (8)

7.2 Kandidate moet enige TWEE kunswerke van TWEE verskillende Suid-Afrikaanse kunstenaars interpreteer wat oor manlike en/of vroulike identiteit reflekteer. Bespreek EEN kunswerk deur elke kunstenaar.

Verwys in jou opstel na:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke✓✓
- Onderwerp✓✓✓
- Gebruik van materiale en tegnieke✓✓✓
- Hoe geslagskwessies oorgedra word en/of geslagstereotipes deur elke kunstenaar uitgebeeld word ✓✓✓✓

Indien slegs een kunswerk bespreek word, word 'n maksimum van 7 punte toegeken.

(12)

**[20]**

# VRAAG 8

## ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

8.1

- Watter gevoel/stemming skep die wit kleur van die gebou?

Omdat dit wit binne en buite is, sal die gebou die kyker se oog lok. Dit staan uit teen die digte bosveld of woude. Deur dit wit te verf, gee dit die gastehuis ’n minimalistiese voorkoms.

- As jy na die binne-aansig van die gastehuis kyk, skep dit ’n huislike/aangename/ warm gevoel? Motiveer jou antwoord.

Nee, ek dink glad nie dat hierdie gebou ’n warm of aangename gevoel skep nie. Dit is baie leeg; baie min meubels is sigbaar, en die vorms van die kamers dra nie by tot ’n huislike gevoel nie. Dit is nogal koud en minimalisties. Daar is geen versierings op die mure nie, en alles lyk nogal eenvoudig. Met alles wat wit is, skep dit ook ’n stil en eensame gevoel.

- Gee geldige redes waarom jy die gebou inspirerend vind of nie.

Nee, ek dink nie hierdie gebou is esteties aangenaam/inspirerend nie. Die buite-aansig is te modern, met net die gebruik van die betonbokse. Dit lyk soos tonnels en nie ’n huis nie. Deur net vensters aan elke punt van die tonnel te hê, kan ’n mens dalk vasgevang voel daar binne.

- Hoe is die spasie benut?

Die groot kamerruimte binne, met net 'n paar meubelstukke, kan die lig deur die ruimte/ spasie laat vloei. Die ruimte is minimalisties en netjies. Daar word spasie vermors, aangesien die tonnelagtige kamers te lank is, met niks wat in die ruimte gebeur nie. (6)

8.2 Kandidate moet TWEE voorbeelde bespreek van Suid-Afrikaanse geboue wat hulle inspirerend vind weens die innoverende gebruik van materiale en boutegnieke. Hulle moet in hul bespreking verwys na funksies, ligging, dekoratiewe kenmerke, omgewingskwessies asook die gebruik van materiale en boutegnieke.

Indien slegs een voorbeeld bespreek word, word 'n maksimum van 8 punte toegeken.

(14)

**[20]**

## GROOT TOTAAL: [100]